# HOLWERDA EN DIE HEILSBELOFTE VAN DIE VERBOND

In Holwerda se kategismus preek van Sondag 26 stel hy sy verbondsbeskouing duidelik (*De dingen die ons van God geschonken zijn*, Goes: Oosterbaan&Le Cointre, p.350-351). Aan die einde van sy preek, stel hy die saak as volg (sien my eie opmerkings wat daarna volg: SLC):

> "… Paulus zegt: gerechtvaardigd uit het geloof, zonder de werken der wet; Jacobus zegt: gerechtvaardigd uit de werken, en niet alleen uit 't geloof. Het schijnt alles hopeloos tegenstrijdig. En toch is er geen tegenstrijdigheid."
>
> Want herinnert ge u niet, wat we zoëven zeiden van Gods gerechtigheid? Dat is een kwestie van het verbond. Gods gerechtigheid is Zijn gemeenschap stichtende en ook Zijn gemeenschap vragende liefde. En zo komt God in Christus naar ons toe, om Christus' wil gevend, maar om Christus' wil ook alles vragend.
>
> Om Christus' wil onvoorwaardelijk belovend: de zonden zijn u vergeven om Zijns naams wil; maar in Christus ook eisend geloof en bekering. En die twee staan nooit van elkaar los. Daar is het toch een verbond voor met belofte van genade, maar daarom ook met de eis der nieuwe gehoorzaamheid? De rechtvaardigmaking is onvoorwaardelijk, want God stelt geen condities, ook niet de conditie van geloof, voor Hij ons de belofte schenkt.
>
> Maar hoe onvoorwaardelijk ook de rechtvaardigmaking brengt altijd verplichtingen mee. God begint onvoorwaardelijk. Hij is de eerste in alles, ook in de rechtvaardigmaking. Als ik met het geloof beginnen moest, waaraan zou dat zich kunnen vastklemmen? Maar Zijn woord van vrijspraak is het eerst.
>
> Nu heeft mijn geloof houvast; nu wordt mijn geloof mogelijk, want door de rechtvaardigmaking beweegt God me tot geloof. Maar vanwege de rechtvaardigmaking verplicht Hij me nu ook tot geloof. En als ik nu geloof, ben ik er dan? Is de rechtvaardigmaking dan afgelopen? Spreekt God een keer, en geloof ik dan een keer, en is dan de rechtvaardigmaking voltooid?
>
> 0 neen, we leven in het verbond met God, en dat is een levend verkeer: als ik geloof, dan komt God opnieuw met Zijn woord van vrijspraak tot de mens, die nu gelooft, en drijft hem zo tot werken der dankbaarheid: rechtvaardiging uit't geloof.
>
> En als hij die doet, dan verschijnt God opnieuw en spreekt hem weer vrij. Hij rechtvaardigt hem dan ook uit de werken, zegt Jacobus.
>
> Er is rechtvaardiging voor het geloof en na het geloof, en toch staan die twee niet los van elkaar. Door de eerste sticht God het verbond, in de tweede handhaaft Hij het. Door de eerste werkt Hij het geloof, door de tweede versterkt Hij het. Want het is de rechtvaardigheid Gods, zegt Paulus, die in het evangelie geopenbaard wordt, uit geloof tot geloof. Waar de prediking komt van Christus' kruis en opstanding,. de prediking van Gods rechtvaardigheid in Christus, alles gevend maar nu ook alles vragend, daar werkt ze het geloof: uit geloof. Maar tot die gelovigen komt de prediking opnieuw: tot geloof.
>
> En daarom komt tot ons allen vanmiddag de prediking van Gods gerechtigheid in Christus, alles gevend en daarom alles eisend. Of ge gelooft of niet. tot u allen zeg ik: de zonden zijn u vergeven om Zijns naams wil. Dat zeg ik tot de gelovigen onder u, opdat ze in het geloof zouden volharden. En tot de ongelovigen zeg ik het ook, opdat ze tot het geloof zouden komen.
>
> Mag het niet tot de nog ongelovigen worden gezegd?

> Het moet ze worden gezegd: het vuur wordt ze nu aan de schenen gelegd: de zonden zijn u vergeven om Zijns naams wil. Wee u, indien ge het nu nog niet gelooft. Want de rechtvaardigheid Gods wordt vanmiddag geopenbaard, onvoorwaardelijk alles gevend, maar nu ieder van u volkomen verplichtend: alles eisend. Ze wordt geopenbaard uit geloof tot geloof.
>
> De prediking van Gods rechtvaardigheid is u allen een rijkdom: immers, het geloof werkend of versterkend. Maar ze is voor allen ook ontzaglijk verantwoordelijk, geloof vragend: niemand kan zeggen: ik ben al gerechtvaardigd, want de rechtvaardige zal slechts uit het geloof leven. Geen ongelovige kan zich meer verontschuldigen, want de vrijspraak Gods kwam ook tot hem.
>
> Kinderkens, de zonden zijn u vergeven om Zijns naams wil. U allen. Geliefden, gij moet nu allen geloven. Amen."

**SLC se opmerkings:**

*Opmerking 1*:
Ons goeie werke regverdig ons geensins nie. Ons goeie werke uit dankbaarheid bevestig of getuig dat ons regverdig voor God verklaar is, dit is die vrug van ons regverdiging voor God in Christus. Holwerda vermeng ons regverdiging en ons heiligmaking, sodat ons goeie werke deel word van ons regverdiging.

Daarteenoor bely ons in NGB art 24 oor 'Ons heiligmaking en goeie werke', "Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is. Tog geld hierdie werke NIE VIR ONS REGVERDIGING NIE, want ons is deur die geloof in Christus geregverdig nog voordat ons goeie werke doen."

Dit lyk of Holwerda nie die verhouding tussen regverdiging en goeie werke reg verstaan nie, veral nie wat Jakobus sê nie. Calvyn is baie duideliker. Met verwysing na hulle wat die verhouding tussen Paulus en Jakobus verkeerd verstaan, skryf Calvyn:

> Jakobus plaas tewens volgens hulle 'n deel van die regverdigmaking in goeie werke. As jy Jakobus op een lyn wil bring met die res van die Skrifte en ook met homself, moet jy die woord *regverdigmaking* noodwendig in 'n ander sin opneem as waarin Paulus dit gebruik. ... Dit is beslis duidelik dat hy van die verklaring van regverdigheid en nie van die toerekening daarvan praat nie. Dit is asof hy gesê het: "Diegene wat deur ware geloof regverdig is, bewys hulle geregtigheid deur gehoorsaamheid en goeie werke en nie deur 'n kaal en denkbeeldige masker van geloof nie". Kortom: hy redeneer nie oor die wyse waarop ons regverdig gemaak word nie, maar hy eis van gelowiges 'n geregtigheid wat goeie werke doen. En soos Paulus verklaar dat ons sonder bystand van ons werke regverdig gemaak word, so laat Jakobus ook nie mense as regverdiges toe wat sonder goeie werke is nie.
> – Institusie 3.7.12

*Opmerking 2*:
Wat bedoel Holwerda met die sin "De rechtvaardigmaking is onvoorwaardelijk, want God stelt geen condities, ook niet de conditie van geloof, voor Hij ons de belofte schenkt." ?

Ek is van mening, in die konteks van die hele aangehaalde gedeelte, dat 'almal' in sy gemeente, volgens Holwerda, deel in die regverdiging in Christus voor God. Dit beteken een van twee dinge:
- of almal in sy gemeente is uitverkies en is dus gelowiges,
- of daar is baie wat in die regverdiging is in Christus, maar omdat hul nie ook goeie werke doen 'in die verbond' nie, daarom kan hul ook nog verlore gaan.

Dus, God gee 'onvoorwaardelik' die belofte aan alle mense in sy kerk (hulle sondes is vergewe), maar is 'voorwaardelik' wat betref of hul gaan bly in die regverdiging (d.w.s. wat hul nou met Christus se bloed gaan doen). Wat is die voorwaarde om die belofte te ontvang VIR ALMAL: geloof.

*Opmerking 3*:
Die volgende sin wys waar die problem lê: "Maar vanwege de rechtvaardigmaking verplicht Hij me nu ook tot geloof. En als ik nu geloof, ben ik er dan? Is de rechtvaardigmaking dan afgelopen? Spreekt God een keer, en geloof ik dan een keer, en is dan de rechtvaardigmaking voltooid? 0 neen …"

Ons word regverdig VERKLAAR en as gevolg daarvan heilig GEMAAK (sien So 23 en 24 van die HK). Ons kan nie 'meer regverdig' word as wat ons as gelowiges reeds in Christus is nie.

Christus se weldade was en is volmaak, eens en vir altyd volbring. Ons goeie werke a.g.v. die regverdiging, bevestig dat ons regverdig is voor God en word ons nie op grond daarvan nog verder of meer regverdig verklaar nie.

*Opmerking 4*:
"Of ge gelooft of niet. tot u allen zeg ik: de zonden zijn u vergeven om Zijns naams wil."

DL 2.8 leer dat slegs die uitverkorenes se sondes vergewe is. Dus, of Holwerda se hele gemeente is uitverkorenes, of baie wie se sondes vergewe is, gaan weer verlore, en daarom is God se genade weerstaanbaar en word Christus se bloed kragteloos gemaak, vir sekeres vir wie Hy gesterf het.

Die feit dat Holwerda dit EKSPLISIET stel dat hy dit sê vir "allen" en "of ge gelooft of niet", beteken dat hy nie sy gemeente organies-verbondsmatig beskou volgens God se openbaring van beide uitverkiesing en verwerping nie, maar individualisties kop-vir-kop as 'geregverdig', as hul sondes is 'allen' vergewe.

*Opmerking 5*:
"Het moet ze worden gezegd: het vuur wordt ze nu aan de schenen gelegd: de zonden zijn u vergeven om Zijns naams wil. Wee u, indien ge het nu nog niet gelooft."

Hierdie is nie die Evangelie van ons Here Jesus Christus nie. Ons Here Jesus het gesê: "Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes," (Matt.26:28) en daarna het Hy die angste van die hel deurgaan en gesê: Dit is volbring !

Hulle vir wie Hy gesterf het, sal glo en sal werke van dankbaarheid toon (HK v/a 64), hoe gebrekkig dit ookal is in hierdie lewe (DL hfst.5). Ja, die ongelowiges, hulle wat in die sfeer van die verbond groot word en God en sy verbond verwerp en vertrap, die kinders van die vlees (Rom.9:6-8), die huigelaars (NGB art.29), sal nie glo nie.

Wee hulle, nié weë God se kinders nie !

Hier is Holwerda besig met 'kontrakprediking', prediking waarin die mens moet 'perform' om in die hemel te kom, prediking wat mense nie oproep tot 'n lewe van dankbaarheid nie, maar van vrees en twyfel of jou tone nie al in die hel is nie. Christus het 'alles' gedoen ... maar nou hang alles daarvan af of jy jou deel gaan doen deur te 'glo'.

Daarteenoor moet die gelowiges, die gemeente van Christus, sy uitverkorenes hoor dat Christus alles volbring het, en dat hul daarvoor dankbaar moet wees. Deur die prediking van die Woord kom hul tot geloof en bekering, gevolg deur werke van dankbaarheid.

Wanneer sy kinders die verbond oortree, dan tugtig en kasty Hy hulle, maar nie om hul te vernietig of uit die *genade*verbond te gooi nie, maar juis tot hul reiniging en heiligmaking tot eer van Sy Naam.

*Opmerking 6*:
"De prediking van Gods rechtvaardigheid is u allen een rijkdom: immers, het geloof werkend of versterkend."

Ja, as dit bedoel word vir God se kinders alleen. Die geloof word gewerk deur die prediking vir hulle wat nog tot geloof en bekering moet kom, en dit versterk hul wat reeds glo. As die sigbare kerk slegs uit uitverkorenes bestaan het, was dit heeltemal waar, maar o.g.v. die Skrif en belydenis weet ons dit is nie waar nie. Daarom is die prediking van God se regverdiging in Christus juis nié vir 'allen' een rykdom nie:

> "Want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan; vir die laaste 'n reuk van die dood tot die dood, maar vir die eerste 'n reuk van die lewe tot die lewe." – 2 Kor.2:15, 16

*Opmerking 7*:
En dan volg Holwerda se kersie op die koek, wat die vrygemaakte verbonds- en doopbeskouing saamvat: "Kinderkens, de zonden zijn u vergeven om Zijns naams wil. U allen."

Volgens hierdie siening is alle kinders (kop-vir-kop) wat dus gedoop se sondes vergewe ?

Daarteenoor is die Skriftuurlike leer, wat ons in ons gereformeerde konfessies bely: die doop is 'n teken en seël van die geregtigheid voor God in Christus van sy uitverkore kinders (gelowiges, bondelinge).

Hierdie belofte van die ewige genadeverbond word in die geskiedenis organies-verbondsmatig bedien van geslag tot geslag, omdat God juis sy kerk (die vergadering van gelowiges) organies-verbondsmatig versamel (en nie remonstrants-individualisties: kop-vir-kop nie), deur die eeue, uit elke volk, stam, taal en nasie, en daarom dat ons glo God bevestig sy verbond met 'gelowiges en hul nageslag'.